*S L Barnard en A H Marais: Die Verenigde Party. Die groot eksperiment. Butterworth, Durban, 1982. 366 Bladsye, met foto's. Prys nie vermeld nie.*

Die Verenigde Party is nie meer met ons nie. Maar vir 'n lang tydperk in ons geskiedenis het die party 'n baie groot rol gespeel as 'n party wat probeer het om aan die ideaal van 'n Suid-Afrikaanse nasie in die praktiese politiek uitdrukking te gee. Die groot party van Hertzog en Smuts wat tussen 1934 en 1948 die regerende party was, kon egter nooit daarin slaag om aan hierdie ideaal betekenisvolle beslag te gee nie. Soos die skrywers aantoon, was die groot probleem van die VP dat hy nooit 'n sterk ideologiese grondslag gehad het waarmee hy sy lede tot 'n eenheid kon bind nie. Die party het te veel uiteenlopende groepe gehuisves wat mekaar nooit ten volle vertrou het nie en nie, in die woorde van dr Malan, mense was wat deur innerlike oortuiging bymekaar behoort het nie. Daarom was die party voortdurend aan 'n inwendige stryd tussen konserwatiewes en liberales blootgestel. Wegbrekers was daar gereeld totdat die twee groot afsplitsings van 1959 en 1976 tot die party se einde gelei het.

Die onderwerp is 'n warm politieke saak waarvan elke Suid-Afrikaanse burger 'n studie behoort te maak. Dit is in 'n lekker leestrant geskryf, hoewel herhalings soos byvoorbeeld in hoofstukke 2 en 3 bietjie hinderlik is. Vir die onderwyser wat vir sy leerlinge 'n ewewigtige begrip van die Suid-Afrikaanse politiek van vandag wil gee, is die boek 'n moet. Daarin kan u antwoorde vind op vrae soos: Watter rol het Harry Oppenheimer in die stigting van die Progressiewe Party gespeel? Hoe konserwatief is Natal? Het die VP 'n antwoord gehad vir die rassevraagstuk in Suid-Afrika?

Sake wat in die boek behandel word en wat onderwysers baie nuttig behoort te vind om vir die leerlinge as opdragte te gee, is die volgende: Watter pogings is daar tussen 1914 en 1920 aangewend om die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party te herenig? Watter faktore het ná 1926 samewerking en vereniging wel praktiese politiek gemaak? Hoe het die neutraliteitsvraagstuk van 1934 tot 1936 ontwikkel? Hoe het die 1936-wetgewing ontstaan en ontwikkel? Oor watter vraagstukke het daar binne die VP groot verdeeldheid en spanning bestaan? Hoe het die VP oor 'n republiek gedink?

'n Lesenswaardige boek wat 'n moet vir elke skoolbiblioteek en Geskiedenisonderwyser is.

*P H Kapp*
*(RAU)*